


# **LAERSKOOL FRANS CONRADIE**

'N WAARDEGEDREWE SKOOL  
WAT LEIDING NEEM IN  
GEBALANSEERDE  
**FC**  
OPVOEDING  
TEN OPSIGTE VAN  
AKADEMIE, SPORT EN KULTUUR



**2023**

**JAARVERSLAG**

# LAERSKOOL FRANS CONRADIE

## J A A R V E R S L A G 2023

### 1. Aanbieding deur skoolhoof

#### 1.1 Inleiding

Geagte Meneer die seremoniemeester, eregaste, ouers, personeel en leerders: Dit is vir my 'n ongelooflike groot voorreg om die eerste keer as die skoolhoof van Laerskool Frans Conradie 'n jaarverslag van die gebeure van ons skool gedurende 2023 te lewer. Dit is vir my 'n groot eer om aan die stuur te staan van 'n skool soos Laerskool Frans Conradie en ek onderneem om my beste te gee vir ons skool en almal hieraan verbonde. Ek weet dat dit baie verantwoordelikheid en wysheid verg, maar geen taak sal ek aanpak sonder om ons Skepper se wil daarin te soek nie.

As ons terugkyk na die jaar wat verby is, kan ons nie anders as om in diepe nederigheid en dankbaarheid al die lof aan ons Hemelse Vader te gee nie. Ons personeel se tema vir die jaar was "Ebenhaeser – Tot hiertoe het God ons gehelp". En dit kan ons heelhartig uitbasuin, want God het werklik in ons daagliks brood voorsien en ons elke dag geseen met sy teenwoordigheid. Dit te midde van onseker tye oor finansies, postevoorsiening, wetgewing en allerlei algemene tendense in ons land.

Dit is my tiende jaar by Laerskool Frans Conradie en oor hierdie jare is ons geseen met ongelooflike prestasies. Soveel so dat die prestasies eintlik verwag en vanselfsprekend aanvaar word, maar die geheim is om dit eerder te waardeer en te besef wat alles ingesit word om te bereik wat ons doen.

Aan elkeen wat onbaatsugtig, sonder eie gewin, dag in en dag uit voorbereiding doen, ondersteun, afrig en die ekstra myl stap, wil ek hulde bring en u verseker dat dit nie ongesiens verbygaan nie.

Ons glo in elke kind se potensiaal en wil dit bereik deur die holistiese ontwikkeling van elke leerder. Ons streef na 'n balans tussen akademie, sport, kultuur en sosiale vaardighede en vestig ons Christelike waardes op elkeen van hierdie terreine as kern. Dit maak ons ook ongelooflik trots om te sien hoe ons oudleerders op alle terreine presteer in die onderskeie hoërskole: Trotse Fransies waar die Waarheid altyd seëvier.

Ons skool se grootste uitdaging is die finansiële implikasies wat die huidige ekonomiese omstandighede op ons skoolfonds het. Ons is deeglik bewus van die enorme druk waaronder die meeste van ons ouers verkeer, maar ons kinders is ons toekoms se grootste bate en daarom moet skoolfonds ons ouers se eerste prioriteit wees. Alhoewel ons swaar trek, weier ons om te kompenseer vir die kwaliteit wat ons leerders ontvang en daarom word daar in alles heel eerste na hul belang omgesien. Die personeel is deeglik bewus dat hulle nie vir mense werk nie, maar vir God. Om hierdie rede lewer elkeen van hulle hul beste, want hulle weet hulle is besig met Koninkrykswerk. Die Beheerliggaam het na deeglike beplanning en oorweging maatreëls in plek gestel vir volgende jaar en ons hoop en glo dat ons situasie sal verbeter. Daarom nooi ons u ook uit om Dinsdagaand se Algemene Begrotingsvergadering om 18:00 by te woon, om insette te lewer, maar meer belangrik, om ingelig te wees. Een feit bly egter vasstaan en dit is dat ons weier om enigsins ons kinders te laat benadeel deur hierdie uitdagings; daarom ontvang hulle elke dag die beste wat daar is.

Ons ouers moet elkeen daardie besluit maak of u u kind "maar net in nog 'n skool wil plaas" en of u u kind in **dié** skool wil plaas. Ons is almal interafhanglik van mekaar en moet hande vat om ons na nog hoër hoogtes te neem. Frans Conradie se kultuur, sport, akademie, infrastruktur, waardes en opvoeders is van die beste wat u sal kry en ver bo die algemene standaard.

Ons tweede uitdaging is die veelbesproke Bela-wetgewing wat enorme implikasies vir skole soos wat dit tans is, inhoud. Ons kan maar net wag en kyk wat die uitkoms gaan wees en dan proaktief daarvolgens optree.

Alles daar buite waaraan ons en ons kinders elke dag blootgestel word, is negatief. Hulle hoor en sien net die lelik van die lewe. Wat moet hulle dan hoop gee? Hoop vir die hede en die toekoms? In Laerskool Frans Conradie is ons positief en fokus ons op die mooi en die goeie, m.a.w. hier probeer ons vir ons kinders hoop gee, liefde gee om een dag goeie landsburgers te kan wees. Ons leer hulle dat jy nikks kan aanpak sonder dat jy die wil van die Here daarin soek nie. Maar in die proses erken en respekteer ons ook ander gelowe, kulture en tale en hanteer dit met die nodige sensitiwiteit.

#### 1.2 Personeel

Eise aan ons onderwysers raak elke dag meer en meer. Dit is nie net administrasie, dissipline en kurrikulum nie, maar ook toenemend gevallen waar onderwysers emosionele bystand aan leerders moet gee. Dit gebeur omdat die juffrou of meneer in baie gevallen die enigste persoon is met wie daardie kind kan praat en waar hy /sy veilig genoeg voel om oop te maak. Dit is 'n risiko vir onderwysers en moet met die grootste omsigtigheid

hanteer word. 'n Feit wat nie oorbeklemtoon kan word nie is die ongelooflike passie wat ons personeel openbaar vir onderwys. Hul roeping is hul trots en daarom kan ek met lof praat van hul pliggetrouheid, omgee en liefde vir elke leerder en algehele toewyding teenoor ons skool. Ons eerste prioriteit is en sal altyd uitnemende onderrig en leer (akademie) bly – dit natuurlik in totale oorgawe aan ons Skepper.

Ons het heelwat personeelskommelinge gehad die afgelope jaar. Ek het vir ses maande waargeneem as skoolhoof voordat ek permanent aangestel is. Baie geluk aan mev. K. Turner wat aangestel is as die Departementshoof vir die Grondslagfase. Dankie vir die harde werk wat u alreeds daar lewer. Me. M. Ackerman is aangestel as ons skool se sielkundige en sy lewer skitterende diens. Ons besef opnuut hoe groot die behoefté daar buite is.

Ons moes aan die begin van die jaar a.g.v. die Departement se personeeltoekenning, twee van ons geliefde kollegas op die herontplooiingslys plaas. Mev. M. Roets is toe by Laerskool Lorraine geplaas en me. H. Rens is nog nie verplaas nie. Me. Rens voor steeds 'n dapper stryd teen haar siekte en kon dus ook nog nie haar pligte hier by ons hervat nie. Ons bewonder haar vegges en bid die Here se beskermende hand oor haar. Intussen wag ons in spanning om te sien hoeveel poste die DBO vir volgende jaar aan ons gaan toeken.

Meer positief was toe mev. Diedericks Juliemaand permanent aangestel is in die posisie van mev. Turner wat bevordering gekry het en ook me. C. Jv Rensburg wat tydelik waarneem in die ander vakante posisie wat nog gevul moet word.

Aan die einde van die jaar verlaat me. T. Lourens ons. Sy is baie geliefd en sal definitief gemis word. Baie dankie vir die goeie diens wat u aan ons skool gelewer het en die empatie wat elke leerder deur u hande ontvang het. Sterkte ook by jou nuwe skool.

Me. S. Bessinger voltooи haar studies aan die einde van die jaar en ons wil haar ook sterkte toewens met haar loopbaan vorentoe. Dankie vir die onskatbare waarde wat u toegevoeg het tot ons skool, al was u slegs 'n student. Sterkte ook met die twee woelwaters wat in Januarie hul opwagting moet maak.

Mev. M. Baartman is sedert Januarie deel van ons skoonmaakspan en lewer uitstekende diens.

Mnr. L. du Toit, ook 'n oudleerder van ons skool, het ook in Januarie by ons aangesluit in 'n graad 5-pos en het baie goed by ons ingeskakel.

Dit is ook dan 'n voorreg om vier nuwe interne studente in 2024 by ons te verwelkom. Hulle is me. Lynique Deyzel, me. Dylané Roelofse, mnr. Tiaan van Huyssteen en mnr. Connor Leonard. Ons glo dat julle die beste internskap hier by ons sal ontvang en sodoende 'n bate vir die onderwysberoep sal wees.

Mev. Carmen Viljoen en mnr. Johan Meintjes, wat onderskeidelik ons snoepie bedryf het en die fotograaf was, se kontrakte met ons het verstryk. Die Beheerliggaam het nuwe kontrakte vir 2024 toegestaan aan mnr. Morne Brown vir die snoepie en mnr. Riaan Trosee as ons amptelike fotograaf. Ons glo dat ons goeie diens sal ontvang en 'n mooi werksverhouding sal hê.

Nasorg o.l.v. mev. C. Adams en haar span lewer steeds uitmuntende diens. Deur die loop van die jaar het mev. A. van der Bank en me. J. Momberg ons verlaat en is mev. D. Kitching en me. G. Altichiero in hul plekke aangestel.

Dit is belangrik om te onthou dat onderwys die beroep is wat alle ander beroepe vorm en dit is die rede waarom ons onderwysers so reuse taak op hul skouers dra.

Die personeel sien as volg daaruit:

Skoolhoof:	Mnr. Z.J. Grobler
Adjunkhoof:	Vakant
Departementshoofde:	Mnr. C. Ferreira – Intermediêr en Seniorfase Mev. K. Turner – Grondslagfase en Sias
Graadhoofde:	Gr. RR Mev. S. Swanepoel Gr. R Mev. C. Rademeyer Gr. 1 Mev. M Schoonraad Gr. 2 Me. K. Senekal Gr. 3 Mev. P. Fourie Gr. 4 Mev. H. Dippenaar Gr. 5 Mev. D. Olivier Gr. 6 Mev. L. Stander Gr. 7 Mev. J. Strydom

Leerkragte:	Gr. RR Mev. S. Swanepoel Gr. R Mev. C. Rademeyer Me. S. Botha Mev. C. Botes Gr. 1 Mev. M. Schoonraad Me. I. Koekemoer Mev. K. Turner (Tydelik) Gr. 2 Me. K. Senekal Mev. E. Diedericks Mev. E. van Niekerk Gr. 3 Mev. P. Fourie Me. T. Lourens Me. M. Smit Gr. 4 Mev. H. Dippenaar Mnr. B. Human Me. K. Erasmus Gr. 5 Mev. D. Olivier Mnr. L. du Toit Me. J. Oelofse Gr. 6 Mev. L. Stander Mnr. A. Mattheus Me. C. Jansen van Rensburg Gr. 7 Mev. J. Strydom Mnr. E. van Tonder
SASAMS	Mnr. C. Ferreira
Rekenaars:	Mnr. A. Mattheus
Musiek:	Mev. T. Gerber
Admin:	Mev. C. Esterhuizen Mev. O. Fourie
Faktotum:	Mnr. H. Potgieter
Sielkundige:	Me. M. Ackerman
Studente:	Mnr. J. Badenhorst Mnr. D. Lotriet Me. D. Marais Me. M. Momberg Me. E. Oosthuizen Me. S. Bessinger
Skoonmakers:	Mnr. J. Mbunjana Mnr. F. Ranisi Mnr. C. Tau Mnr. T. Cakwebo Mev. M. Baartman Mev. B. Kosi Mev. V. Mayer
<b><u>Nasorgpersoneel</u></b>	
Hoof:	Mev. Charmaine Adams
Assistente:	Mev. L. Minnie Mev. A. Human Mev. L. du Plessis Mev. N. Starbuck Mev. C. Boshoff Mev. M. Roux Me. D. Kitching Mej. G. Altichiero
Skoonmaakster:	Mev. C. Pezisa

### **1.3 Beheerliggaam**

Voorsitter	:	Mnr. M. Lobar
Ondervoorsitter	:	Mnr. J. van der Berg
Tesourier	:	Mnr. D. de Ridder
Ouers	:	Mev. A. Momberg Mnr. S. Lambrechts Mev. D. Erasmus (Gekoöpteer)
Sekretaresse	:	Mev. C Esterhuizen
Personnel	:	Mnr. C. Ferreira Mev. K. Turner
Skoolhoof	:	Mnr. Z.J. Grobler

Baie dankie vir die tyd, ondersteuning en onbaatsugtige diens wat u aan ons skool lewer. U is van onskatbare waarde vir ons skool en kry nie altyd die nodige krediet nie. Dankie vir elke dapper besluit wat gemaak word met die skool as prioriteit en die leerder se belang voorop gestel.

Mev. A. Momberg maak aan die einde van die jaar klaar omdat haar laaste spruit dan klaar is met graad 7. Ons wil u bedank vir 8 jaar se toewyding tot ons skool terwyl u op die Beheerliggaam gedien het. Sterkte op die pad vorentoe.

Maart 2024 is dit weer tyd vir die driejaarlikse verkiesing van Beheerliggame. Ouers sal vroeg in die nuwe jaar die nodige inligting ontvang.

### **1.4 Getalle:**

Ons het tans 601 leerders. Ons streef daarna om volgende jaar ons getalle te laat styg. As skool is ons geweldig trots op al ons leerders. Meer oor hul prestasies verskyn in hierdie verslag.

### **1.5 Bedankings:**

- Ek wil eerstens die belangrikste komponent bedank en dit is ons Hemelse Vader. Psalm 50:15: "Roep my aan in die dag van benoudheid." Hoeveel keer moes ek dit nie al doen nie, en nog nooit was ek teleurgesteld nie.
- Baie dankie aan al ons sake-ondernemings en instansies vir u volgehoue ondersteuning.
- Ons borge en donateurs (aangeheg) vir u oop hand en vrygewigheid. Ons het veral hierdie afgelope jaar ongelooflike ondersteuning ontvang. Ons waardeer dit opreg.
- Die Christelike- en Kerkinstansies, Ondersteuningsorganisasies en Gebedsgroepe wat ons skool mheldelik help en voorbidding vir ons doen.
- Groot dank aan ons groepie mammas wat elke dag vir ons behoeftige leerders broodjies voorsien. Ons weet dit kos u 'n klomp geld, maar ook dat u dit doen omdat u omgee.
- Mnr. January, ons EDO van die DBO wat ons baie goedgesind is en altyd beskikbaar is om te help asook verskeie amptenare met wie ons al 'n goeie verhouding opgebou het.
- Ons buite-afrigters, dankie vir u toegewydheid. U doen dit uit 'n passie vir die sport en liefde vir kinders. Ons waardeer u insette.
- 'n Spesiale woord van dank aan Despatch Tennisklub vir die gebruik van die tennisbane.
- Oom Pottie en sy span werkers. U is verantwoordelik vir die sigbare beeld van ons skool na buite, baie dankie vir al die harde werk.
- Mev. Viljoen vir die diens in die snoepie en mnr. Meintjes vir die diens as fotograaf.
- FOV en Klub 50 wat deur die ouers van die leererraad gedryf word, wil ons hartlik bedank vir die reuse bydrae wat u lewer om ons skool 'n beter skool te maak. Dankie aan die onderskeie komiteebesture wat ongelooflik baie tyd insit in beplanning en organisering. U het u regtig goed van u taak gekwyt gedurende 2023.
- Ons uitstekende Nasorgpersoneel o.l.v. mev. C. Adams vir alles wat u vir ons leerders doen na-ure.

- My twee staatmakers en eerste beeld van ons skool, die sekretaries. Dankie vir die ondersteuning en groot omsigtigheid waarmee u die taak van die kantoor beman.
- Ons skole op Despatch en omgewing teen wie ons meeding, maar ook aan die onderskeie Hoërskole vir die goeie gesindheid wat daar heers tussen ons.
- Ons leerders van ons pragtige skool, Laerskool Frans Conradie. Julle is ons trots. Laat die Waarheid seëvier in jul lewens.
- Die Beheerliggaam vir u onbaatsugtige, soms ondankbare, werk en baie tyd wat u insit om ons skool se belangte op die hart te dra.
- Baie dankie aan ons ouers wat ons skool deur dik en dun ondersteun en trots is om deel van die Fransiefamilie te wees. Spesiale dank aan ons ouers wat meer as hul deel doen, sonder u kan ons nie doen wat ons doen nie. Daar word soveel skenkings gemaak, dinge gereël en dienste gelewer, ons waardeer dit.
- Personeel, wat kan ek sê? Saam is ons 'n wenspan. Ek weet ek kan net so sterk wees soos wat my span my maak. Daarom wil ek baie dankie sê vir die groot respek waarmee ons mekaar kan hanteer, dankie vir die harmonie wat daar heers, dankie dat u gelukkig lyk al kry almal nie altyd vol salaris nie. Dankie dat u u passie en liefde vir kinders uitleef en ons skool en sy leerders altyd eerste stel. Dankie vir u professionaliteit en ekstra wat u insit sonder om ooit te kla. Dankie vir jul integriteit, lojaliteit en positiwiteit. U maak my taak soveel makliker omdat ek weet elkeen doen wat hy moet. En die belangrikste, dat u inkoop en my ondersteun in dit wat ons vir ons skool wil bereik. U is werklik dinamies en ek is ongelooflik trots daarop. Mn. Ferreira, spesiale dankie ook aan u wat soms die harde besluite saam met my moet neem en ook die dubbele werkslading totdat ons die vakante pos gevul kan kry.
- Een ding wat ek gou agtergekom het hierdie afgelope jaar is dat as jy toegewyd tot jou skool is, dit onafwendbaar is om nie jou gesin tot 'n mate af te skeep nie. Baie dankie dat julle verstaan waaroor dit gaan en dat ons verseker kan wees dat ons daar is vir mekaar. Aan my vrou, met soms dieselfde uitdagings, dankie dat ons bymekaar kan afpak en ondersteun en nog steeds alles in ons vermoë doen om ons eie kinders te gee wat hulle toekom.

## **1.6 Een en ander:**

Laerskool Frans Conradie het uitstekend gevaar op vele terreine: Ons het 'n groot groep verteenwoordigende spelers in die Uitenhage streekspan vir rugby gehad, ons leerders wat redenaars praat het met groot getalle vermeerder en ongelooflik goed gedoen, ons het 3 dogters in die OP-netbalspan gehad, ons atlete het weereens presteer, krieket was kompeterend. En so kan ek aangaan oor elke fasset van ons skool, maar meer daaroor in die verslag.

Ons het gedurende die jaar 'n meningspeiling onder ons ouers gehad om die gevoel te toets vir die moontlike oprigting van 'n selfoontoring op ons terrein. Deeglike navorsing is deur die Beheerraad gedoen en daar is besluit om ons ouers hierin te ken. Dit is gedoen met die wete dat alhoewel dit vir ons 'n broodnodige finansiële inspuiting kan bied, die mening van ons ouers belangriker is. Meer as 90% van ons ouers was ten gunste van die oprigting en die proses is aan die gang gesit. Hierdie is egter 'n tydsame proses.

Volgende jaar wil ons graag volstoom Robotika en Kodering by ons kurrikulum infaseer en die beplanning is alreeds in 'n gevorderde stadium. Om inlyn met Departementele vereistes te kom gaan ons weer ons biblioteek aktief laat wees en ook die leesbeleid wat aan ons ouers gesirkuleer is, implementeer.

Die personeel het heelwat nuwe dinge hierdie jaar probeer en al hierdie projekte is suksesvol. Hieronder val ons aktiewe Facebook- en Instagramprofielle. Ons is baie trots op ons nuwe webblad waar daar vanaf enige plek in die wêreld duidelik gesien kan word waarvoor ons skool staan. Ons kinders het ons weeklikse Lofprysingsperiode met soveel oorgawe geniet dat ons nie durf waag het om dit te mis nie. Dan het ons ook getrou "Dankbare Donderdae", waar die week se geestelike boodskap weer voorgehou is en "Musikale Maandae", waar ons musiekleerders hul talent op die verskillende instrumente ten toon gestel het, geplaas. Ons skool is plek-plek geverf en die gange is oorgedoen met nuwe kleure en gordyne asook Christelike Bybelverse oral teen die mure. Aandag is gegee aan advertensieborde, kennisgewingborde, skool naamborde en tuintjies. 'n Groot verbetering is gemaak met die plaveisel by die opslaanklassie en voor die paviljoene. Met dit wat ons tot ons beskikking het en skenkings van ons ouers en ondersteuners gaan ons, deur genade, voluit vorentoe.

Ons het groot belangstelling gekry met die aanskaf van hoedjes en hemde vir ons ondersteuners asook kombersies vir die leerders teen die winterkoue.

My leuse vir ons skool se kompetisies van watter aard ookal is: Wen is goed. Deelname is beter. Om te geniet is die beste! By ons is elke leerder wat probeer 'n wenner, al kom jy laaste!

Ons leerders en skool het gedurende die jaar baie blootstelling gekry op Facebook, WhatsApp en Instagram. Maandagoggende is groot ophef in die saal gemaak van al ons presteerders en verder het ek u so op hoogte

as moontlik gehou met die weeklikse stemboodskappe en kwartaallikse omsendskrywes. Elke afdeling van ons skool word ook dan verder in hierdie verslag gedek.

In Laerskool Frans Conradie se pakkie is daar nie 'n ek nie, net "**ons**"!

Hier is ONS kinders GELUKKIG! Ons is TROTSE Fransies waar die WAARHEID altyd seëvier.

2 KORINTIËRS 3: 5 en 6

Daarom probeer ek nooit om iets uit eie krag te doen nie. Uit my eie kan ek in elk geval niks regkry nie. God self het my toegerus om Sy werk te doen.

FILIPPENSE 4:13

Ek (ONS) is tot alles in staat deur Christus wat my (ONS) krag gee.

Ek dank u.

**Skoolhoof: Mn. Z.J. Grobler**

## 2. **Boodskap deur Voorsitter van Beheerliggaam**

Dit is aangenaam om 2023 af te sluit met die wete dat dit goed gaan met die skool. Daar is nog elke dag struikelblokke wat oorkom moet word en ons glo dat ten spyte van hedendaagse struikelblokke, die skool besig is om te herstel na die Covid-pandemie en die impak wat dit op alle vlakke gehad het.

Aan Mn. Grobler, Mn. Ferreira en al die onderwysers wat elke dag so mooi omsien na ons kinders: Die wete dat elke kind persoonlike aandag geniet, is vir ons as ouers 'n riem onder die hart. Die sekretaries en oom Pottie en sy span, julle is onmisbaar en baie dankie vir die harde werk deur die jaar.

Ek wil die ouers bedank vir die getroue betaling van skoolfonds in hierdie moeilike tye, maar weereens 'n beroep op elkeen doen om in 2024 ook so getrou skoolfonds te betaal. Die skool kan nie funksioneer sonder die nodige skoolfonds nie. FOV en elke ouer wat altyd bereid is om te help, dit word opreg waardeer en dankie aan ieder en elk vir julle harde werk.

Aan die Beheerraad 'n besondere dankie en waardering vir die harde werk agter die skerms. Ek weet dis nie altyd so maklik nie, maar ek kan u verseker ons as Beheerraad doen alles en probeer alles doen in die beste belang van Frans Conradie. Aan die kinders en die ouers, wat die skool se naam so mooi na buite uitdra, baie dankie, en bly altyd so lojaal.

Ek wil 'n beroep doen op u as ouer om betrokke te raak by die skool en betrokke te bly. Die hulp en bydrae gedurende 2023 op alle vlakke, is duidelik sigbaar. Jy kan nie saampraat, as jy nie betrokke is by die skool nie, maak nie saak in watter hoedanigheid nie – dit bly in u kind se belang. Ek kan met trots sê, dat Laerskool Frans Conradie die beste laerskool is. Nie net in Despatch nie, maar ek glo met my hele hart, in die hele Suid-Afrika, met die beste span onderwysers en personeel.

Ek glo en vertrou 2024 sal net so 'n uitstekende jaar vir Frans Conradie wees en nog beter. Geseënde Kersfees en as u ry, ry veilig. Ons sien mekaar in 2024.

## 3. **Frans Conradie Ondersteuners Vereniging (FOV) 2023**

Die FOV-ouers van hierdie jaar bestaan uit die huidige leererraad se ouers. Hierdie ouers se taak is om saam met die personeel hande te vat en fondsinsamelings te reël deur die loop van die jaar.

Elke jaar se ouers en projekte verskil en bring vars en nuwe idees in. Die groot projekte wat onder FOV se leiding val is die gewilde Trolleydash en Wildslootjie-kompetisies. Hulle is ook in beheer van die heerlike kosverkope by baie van die skool se funksies, en reël dan ook kleiner insamelings soos wat die kwartaalprogram toelaat.

FOV speel 'n groot rol agter die skerms om nodige fondse vir die skool te genereer en ons is dankbaar vir hulle bereidwilligheid om hierdie take aan te pak met groot entoesiasme.

Ons glo dat volgende jaar se FOV net so gretig sal wees om ons skool op verskeie geleenthede by te staan en interessante projekte te reël.

Dankie aan FOV vir nog 'n opwindende en suksesvolle jaar, julle was TOPS!

## 4. **Nasorgsentrum**

Die nasorgsentrum word sedert 2002 baie suksesvol bedryf. Tans versorg ons gemiddeld 140 leerders. Die sentrum is selfonderhouwend en alle uitgawes word uit die nasorgfooie betaal.

Ouers kan gerus wees in die wete dat die personeel by die Nasorgsentrum altyd die veiligheid en geluk van hul kosbaarste besittings, hul kinders, op die hart dra. Die kinders se akademiese vooruitgang asook hul emosionele welstand is vir ons baie belangrik en ek verseker u dat elke nasorg personeellid die ekstra myl stap met ons kinders.

Nasorgleerders het ook die voordeel dat hulle sport en kultuuraktiwiteite hier kan beoefen wat onnodige kommer oor vervoer en veiligheid uitskakel. Ouers besorg hul kinders soggens by die skool en kom haal weer die kind/ers na werk met die wete dat hul kinders in 'n veilige omgewing versorg word en dat in hul verskeie behoeftes voorsien word.

Daar is 4 verskillende opsies met verskillende tariewe wat ouers kan uitoefen.

- Opsie 1:** **Volyds** - Middagete, versnapering en koeldrank tussen 15.00 en 15.30, huiswerk toesig asook tydens skoolvakansies.
- Opsie 2:** **Volyds** - Hierdie opsie sluit nie etes in nie. Slegs huiswerk, toesig en versnaperinge asook tydens skoolvakansies.
- Opsie 3:** **Wagklas** - Vir die ouers wat nie die huiswerkopsie verlang nie, maar die kind/ers nie direk na skool kan kom afhaal nie. Hierdie opsie sluit slegs toesig in tot en met 15:00
- Opsie 4:** **Ongereelde Bywoning** – slegs sekere dae met of sonder ete gereël by die nasorg. Dit is vanaf 12.15 tot 17.30.

Nasorgure gedurende die kwartale is vanaf 12.15 tot en met 17.30. Vakansietye is ons beskikbaar vanaf 06.45 en sluit om 17.30.

Ons dank aan almal wat 'n bydrae maak tot die nasorg se sukses. U mooi gesindheid teenoor die Nasorgsentrum en die personeel word opreg waardeer.

## 5. **Basaar, Vreklikker Vetpret Fransiesspeletjiesdag**

### Kermis

Woorde het ons nie. Baie dankie aan elke ouer, vriende van die Fransies en natuurlik die puik personeel wat ons ondersteun het en so mildelik bygedra het in hierdie moeilike tye.

Me. C. Rademeyer, baie dankie vir al die ure se harde werk en opofferinge en alles waarmee jy gehelp en gereël het om van 2023 se Kermis so 'n groot sukses te maak.

Met die wegneemtes het ons ongelooflike positiewe terugvoering ontvang. Mag ons verkope vir 2024 verdubbel.

### Vreklikker, vetpret speletjies.

Wow wat 'n dag om te hou. Vanjaar het ons weer terugbeweeg na die ou tradisionele speletjies. Die kinders het dit so geniet, want soveel van hulle ken nie hierdie tipe speletjies nie. Dit was voorwaar 'n dag waaroor hul nog lank sal praat. Weereens het die personeel van Frans Conradië ingespring en met hul kreatiewe idees vorendag gekom. Julle is darem net 'n topspan!

Dankie aan die ouers wat vir kinders die geleentheid gebied het om hieraan te kon deelneem.

## 6. **Broodjieprojek**

Ons wil graag al die ouers, oumas en oupas wat betrokke is by hierdie projek hartlik bedank. Dankie vir u daagliks opoffering om ons leerders te voed. U bydrae maak 'n definitiewe verskil om hulle nood te verlig. Indien daar ouers is wat wil deel raak van hierdie projek, kontak asb vir juf. Diedericks.

## 7. **Didaktiese Hulp**

Dit is vir ons aangenaam om te rapporteer dat 'n groot aantal leerders deur die loop van die jaar deur kundiges (sielkundiges, arbeidsterapeute ens.) bygestaan is of na kundiges verwys is. As gevolg van omstandighede buite ons beheer moes die Klassonderwysers ingespring het om addisionele hulp aan die leerders te verleen.

Baie dankie aan ons Skoolsielkundige Me. M. Ackerman wat elke leerder met soveel empatie hanteer en hul so spesiaal laat voel. Die leerders is regtig bitter dankbaar vir alles wat u vir hul doen en beteken.

## 8. **Opedag**

Ons was vanjaar uiters bevoorreg om sommer baie nuwe gesiggies by ons jaarlikse Opedag te hê. Die 'Safari'- tema het baie goed bygedra om die nuuskierigheid en ontdekking-gevoel te skep.

Die nuwe maatjies is bederf met lekkernye en elkeen kon sy/ haar eie kamoeiflering kies vir 'n verkyker wat hulle huis toe kon neem. Die nuwe maatjies het hulle gate uit geniet in die klassies. Ons glo en vertrou dat

die maatjies baie lekker gekuier het, en dat hulle die slapies aftel totdat hulle volwaardige Fransies is. Ons juffrouens kan self ook nie wag om te sien wat 2024 inhoud nie!

Ons huidige Graad R-maatjies het ook op hierdie dag by die Graad 1-juffrouens gaan kuier en vir die juffrouens gaan wys hoe slim en reg hulle vir Graad 1 is.

## 9. VCSV

Elke Vrydag tydens die eerste periode het ons 'n Lofprysingstyd. Leerders kry dan die geleentheid om vir die Here te eer en lof aan Hom te bring. 'n Kort boodskap volg na die tyd waarna die leerders klasse toe verdaag. Die graad 7-leerders het op 26 Januarie 'n Waatlemoenfees gehou waar hulle geleer het om die Vrugte van die Gees uit te leef. Op 26 April word die graad RR – 3 maats uitgedaag om geld in te samel vir Bybelverspreiding in die vorm van 'n wedloop. Elke leerder het 'n houer ontvang wat hulle geskenk het na afloop van die wedloop om die rugbyveld. Elke leerder het ook 'n medalje ontvang.

Die graad 7-leerders het die geleentheid gehad om op 'n VCSV-kamp te gaan op 11 – 13 Augustus in Jeffreysbaai. Elf leerders het die lewensveranderende kamp bygewoon. 'n Groot gedeelte van die kamp is afgestaan aan lofprysing en Bybelstudie. Die kamp word gelei en behartig deur die Oos-Kaap VCSV in Jeffreysbaai. Op 23 Augustus het ons 'n lekker Koffiekroeg vir die graad 5 – 7 leerders gehou waar die leerders die belangrikheid geleer het om hul lig te laat skyn in ons skool.

## 10. Wêreldbiddag / Pinkster

Ds. Trunette Sevenster het hierdie jaar die Hemelvaartdiens by Dagbreekgemeente waargeneem asook die Pinkster by ons skool. Leerders vanaf graad RR – 7 kon die erediens bywoon. Die leerders het die dag spandeer deur hul besig te hou met Bybelse aktiwiteite. Klippies is geverf en is weggesteek in die dorp wat die gemeenskap kon soek en op ons skool se facebookblad plaas. Die fokus hierdie jaar tydens Wêreldbiddag was Taiwan en die Juf. Chenelle Rademeyer het vir die leerders 'n pragtige les aangebied rondom die land. Die leerders het hierdie dag nie-bederbare produkte skool toe gebring wat geskenk is.

## 11. Jesus-week

Die tema hierdie jaar was "Vrugte van die Gees". Leerders vanaf graad RR – 7 kon deelneem aan verskeie aktiwiteite soos Koffiekroeë, Bybelvasvrae, "Amazing Race" en 'n speletjiesdag. Hierdie projek word elke jaar goed ondersteun deur ons ouers, leerders en onderwysers.

## 12. Verfraaiing

Die Verfraaiingskomitee het vanjaar weereens verskeie projekte aangepak om sodoende geld in te samel. Hierdie fondse was aangewend om noodsaaklikhede vir die skool aan te koop. Tydens Valentynsdag, Vadersdag en Moedersdag is 'n groot verskeidenheid bekostigbare geskenkies verkoop. Die geld wat gevind is, is gebruik om die Personeelkamer en Voorportaal op te gradeer.

Baie dankie aan al die ouers en leerders wat altyd so mildelik hierdie projekte ondersteun. Ons sê ook nogmaals baie dankie aan die Graad RR- en Graad R-leerkrugte wat so bitter oulik is met al hierdie projekte. Baie dankie ook aan elke persoon wat bereid was om skenkings te gee sodat ons sekere dele van die skool kon verf. Ons kan nie wag om een dag ons hele skool te "revamp" nie.

Duisende dankies ook aan mnr. Grobler en mnr. Ferreira vir hul kreatiewe bydraes. Dit word opreg waardeer.

## 13. Kaperjolle

Die Fransies het towersand oor die verhoog gesprinkel en siedaar: Jan en sy boontjierank, Sneeuwitjie, die Rooi hennetjie en nog vele ander karakters uit Sprokiesland het verskyn! Die leerders het hulle harte uitgespeel, gedans en groot pret gehad.

'n Ritmiese massa-item met die "Syncopated Clock" het die einde van ons verbeeldingsvlug aangedui en al die leerders kon die aand op 'n hoogtepunt afsluit.

Ons leerders het die konsert vier maal opgevoer: Een keer vir die maats van ander skole, toe vir die oumas en oupas en daarna nog vir twee aande voor stampvol sale. Baie dankie aan ons ouers vir hul ondersteuning, positiewe kommentaar en geduld. Dankie ook aan ons liewe FOV-ouers wat vir ons gesorg het vir lekker kos en eetgoed tydens die konserte.

## **14. Oupa- en Oumadaq**

Wat 'n voorreg was dit nie vanjaar om die senior burgers in Sprokieland te verwelkom nie. Ons Oupa en Oumadag is altyd 'n hoogtepunt waarna al die leerders uitsien. Ons gaste is bederf met 'n vrolike konsert, hope bederfies en 'n heerlike eetdingetjie daarby. Die Oupas en Oumas het dit so geniet.

My innige dank aan my kollegas wat altyd met soveel liefde en toegewydheid hiedie geleentheid so kosbaar en spesiaal maak.

## **15. BUITELUGOPVOEDING**

### **15.1 Graad R**

#### **Graad R- Holmeleigh Farm**

Vanjaar is ons geseen met pragtige sonskyn weer met ons jaarlikse besoek aan Holmeleigh Farm. Die gras was groen, blommetjies oral en natuurlik het die mamma-diere ook hulle kant gebring en gesorg vir baie babadiertjies op die dag. Wat 'n wonderlike voorreg om God se hand in al Sy glorie te aanskou.

Ons jaarlikse Holmeleigh Farm het sommer mooi saamgeval met ons Plaastema en die leerders kon eerstehands die plaas en plaasdiere ervaar. Aangeleerde kennis is hersien en baie nuwe kennis is bygevoeg! Die leerders het die trekkerrit en lekker speel verskriklik baie geniet.

Ons was bevoorreg dat sowat 87 volwassenes en 99 leerders ons vergesel het. Baie dankie aan elke ouer en grootouer wat op hierdie dag saam gekom het. Dit maak die dag net soveel meer spesiaal. Ons uitstappie is altyd 'n hoogtepunt op die kalender!

### **15.2 Graad 3**

Die slapies is afgetel. Kampsakke is gepak en met groot opgewondenheid het 10 Augustus 2023 uiteindelik aangebreek. Ag-en-veertig opgewonde Graad 3-leerders het na die VCSV-kampterrein in Jeffreysbaai vertrek. Oom Antonie en tannie Monique het die maats verwelkom. Bagasie is afgelai en daar is nes geskrop onder leiding van ons bekwame en ewe opgewonde studentonderwysers. Die leerders het aan 'n wye verskeidenheid aktiwiteite deelgeneem wat aansluit by die kurrikulum soos voorgeskryf deur die departement. Natuurlik is die besoeke aan die strand die meeste geniet – tot die strandskoonmaak was groot pret. Ons is dankbaar om te kan sê dat daar geen ernstige voorvalle tydens die kamp was nie. Net Deané Mulder het uit pure opgewondenheid haar toonnaeltje verloor, maar sy was baie braaf en het die res van die kamp baie geniet. Te gou was die kamp verby en wou die maats so graag nog net een naggie oorslaap.

Baie dankie aan mnr. Ferreira wat by ons aangesluit het. Die maats het dit baie waardeer.

Natuurlik moet die volgende persone ook bedank word: Mnr. Grobler wat ons die geleentheid gegun het, die ouers wat gehelp het met vervoer, die studentonderwysers wat hul uitstekend van hul taak gekwyf het en ons Hemelse Vader wat ons bewaar het.

Ons sien met opgewondenheid uit na die kamp in 2024.

### **15.3 Graad 4**

Op 28 Februarie tot 2 Maart het ons drie klasse onderskeidelik na die Elandsrivier-kwekery gegaan vir ons eerste uitstappie. Tannie Kay het ons eers by die grondhope ontvang en 'n interessante lessie aangebied waar leerders ook aan die soorte grond kon voel. Daarna is ons na die kwekery en lande toe waar ons gestap het om na die plante te kyk. Die leerders kon hormoonpoeier aan steggies sit en dit plant. Elkeen kon 'n plant in 'n pothouer uitplant en dit saamneem huis toe. Ons het verneem dat tannie Kay so paar maande na ons uitstappie oorlede is. Ons sal haar baie mis.

In die tweede kwartaal het ons 'n VR-les bygewoon in ons klubhuis oor dinosourusse. Glo ons, dit was 'n halfuur se gil, kyk, skree en pret! In die derde kwartaal het Solidariteit ons besoek met hul karakter "Braaf" om boeliegedrag aan te spreek en om nie 'n boelie te wees nie.

### **15.4 Graad 5**

Die Graad 5's het weereens hierdie jaar SAMREC besoek gedurende die tweede kwartaal. Ons het die oggend begin met ontbyt op die strand en daarna het die SAMREC-verteenvoordiger vir ons 'n opvoedkundige les by die see aangebied oor seediere. Die leerders kon ook self onder die rotse soek en die

seediertjies van naderby ondersoek. Daarna het ons die pikkewyne besoek en na 'n baie interessante inligtingsessie oor pikkewyne en die bewaring van pikkewyne geluister.

## 15.5 Graad 6

### "Splash" Waterpark

Die graad 6-leerders het die Waterpark op 17 Februarie besoek. Hulle het die dag in die park geniet en goeie bande is gevorm met maats wat die res van die jaar baie sigbaar was by hierdie lewendige groep leerders. Hul goeie gedrag was hoog op prys gestel.

### Norm Hudlin Staproete

Op 25 April het die graad 6-leerders hul skoolskoene verruil vir hul tekkies. Die dag is begin met 'n 5 km staproete, speel en piekniek hou. Die leerders het voor die tyd klippies versier wat hulle ook weggesteek het op die roetes. Die leerders wat nog ywerig was, het ook 'n 3km roete na die tyd voltooi. Die leerders se lag, gesels en goeie samewerking het uitgestaan.

### Kamp

Vir die eerste keer in 'n baie lang tyd het die graad 6-leerders die gerieflikheid van hul huise verruil vir 'n tentkamp by Van Stadensrivieroord op 17 en 18 Augustus. Die tema van die kamp was "Leierskap" en die leerders moes hul eie tente opslaan en die weer trotseer. Die besonderse groep leerders het hulself goed van hul taak gekwyt. Ons het lekker gespeel op die strand, die standduine geklim en gebraai. Verskeie lewenslesse is geleer wat die leerders vir 'n lang tyd sal onthou en saam met hulle dra.

### Erfenisdag

Op Vrydag, 23 September het die graad 6-leerders gewys hoe trots Suid-Afrikaans hulle is. Hulle het plakkate gemaak en vir die Graad 1-leerders gaan bederf met 'n pakkie skyfies en vir hulle meer vertel oor Erfenisdag. Hierna het hulle hul eie deeg geknie en stokbroode gemaak.

## 15.6 Suid-Kaap Toer 2023

Hierdie jaar het die Gr.7's weer die voorreg gehad om in die Suid-Kaap rond te toer.

Soos elke jaar was hierdie avontuur-toer weer baie groot pret en elke aktiwiteit was vol opwinding.

Die toer het begin waar ons by die apies en olifante gekuier het en die kinders was veral opgewonde om te hoor van die stoute apies wat selfone sal steel en om die olifante met die hand te kon voer. Die aktiwiteite is baie fisies, van sandduine uitklim, Kangogrotte se honderde trappe loop, kano roei en rondswaai van tak tot tak, en ons was trots op die leerders wat hulle vrese opsy gesit het en nuwe dinge probeer het.

Ons het ons toer afgesluit deur slange vas te hou, wat altyd 'n dag vol baie lag is!

Ons is weereens dankbaar dat ons veilig teruggekeer het Despatch toe en dat hierdie groep vir altyd hierdie toer sal onthou.

## 16. KULTUUR EN VERENIGINGS

### Musiek

Ons is ongelooflik trots op die vordering wat die meeste van ons musiekleerders maak. 'n Suksesvolle musikant word gevorm deur harde werk en getroue oefening. Op hierdie jong ouderdom is ouers se betrokkenheid en verbintenis tot musieklesse net so belangrik soos die leerder se insette.

Altesaam 34 leerders het vanjaar musiekonderrig ontvang in klavier, blokfluit, klawerbord of kitaar. Dankie aan elke musiekleerde wat hard gewerk het en saam met al hulle ander sport- en kultuuraktiwiteite nog hul kant by die musiek ook gebring het! 'n Spesiale dankie aan dié musiekleerders wat bereid was om 'n liedjie te speel vir ons Musikale Maandag. Julle is 'n pragtige advertensie vir ons skool!

### 16.2 Junior koor

Die junior koor bestaan uit leerders van graad 1 tot graad 3 wat elke Dinsdagoggend vir een periode saam oefen. Hierdie entoesiastiese sangertjies het opgetree by die Opedag asook tydens ons grondslagfase se prysuitdelings. Hulle lewendige gesiggies en mooi suiwer stemmetjies maak ons baie trots!

### 16.3 Seniorkoor

Die lekkerte van saam musiekmaak en die mooi harmonieë wat opklink wanneer ure se oefening uiteindelik vrugte afwerp, is die rede waarom leerders elke Woensdag en Vrydag aanmeld vir kooroefening. Koorsang is uithou-en-aanhou werk. Daarom wil ons vir elkeen van die 52 leerders wat so getrou kom oefen het, baie dankie sê vir die entoesiasme en getrouwheid wat hulle openbaar het.

Ons koor het vanjaar by die koorfees van College Hill opgetree. Die Kersfeeskonsert saam met Coenie de Villiers is 'n aand wat ons nog lank sal onthou.

Aan al die graad 7-koorlede wat volgende jaar hoërskool toe gaan: Baie dankie vir al die jare wat julle in Frans Conradie se kore gesing het. Ons hoop dat julle pragtige herinneringe by die koor opgebou het. Ons wens is dat julle altyd 'n lied in die hart sal hê!

## 17. Leerderraad 2023

Die nuwe jaar is afgeskop deur 'n heerlike uitstappie na die Bush Pig Adventures waar die nuwe leerderraad en die verantwoordelike personeel, mnr. Ferreira en mev. Strydom, mekaar beter leer ken het. Almal het die spanbouaktiwiteite baie geniet en as 'n meer gedugte span vanaf die uitstappie terug gekom.

Gedurende die eerste week van 2023 het die leerderraad 'n kort kursus ontvang oor die hys en stryk van ons landsvlag voor die skool, asook al die trots en reëls wat daarmee gepaard gaan.

Elke Donderdagoggend is leerderraadsvergaderings gehou waar ons probleme kon bespreek en die nodige leiding gee. Hierdie vergaderings het ook gedien as indiensopleiding aan die leerderraad. Elke maand moes hulle op 'n ander plek diens doen en die personeel en leerders wil hulle bedank vir die mooi gesindheid en toewyding waarmee hulle hierdie taak verrig het. Elke leerderraadslid het ook die geleentheid gehad om ten minste een keer die erekode voor te lees tydens Maandagoggende se saalperiode waar die hoofleiers ook verantwoordelik was vir die vlagseremonie. Ouervergaderings is in die eerste kwartaal gehou en dit was regtig aangenaam om te sien hoe die ouers hul gewig ingooi en hul kinders en ons skool ondersteun. By funksies het ons leerderraadslede ook fluks diens gedoen om al die gaste te verwelkom en ander takies te verrig.

Frans Conradie is trots op sy leerderraad en dit was ons voorreg om julle te sien ontwikkel en te help waar ons kon. Baie dankie ook aan ons vier hoofleiers wat aan die span gestaan het.

Mev. Strydom en mnr. Ferreira word bedank vir al die leiding, sorg en ondersteuning wat hulle vir die leerderraad en hul ouers gegee het. 'n Besondere woord van dank ook aan ons Hemelse Vader wat julle toegerus het met spesiale gawes en talente.

Die personeel en leerders van Laerskool Frans Conradie bedank julle vir die spore wat julle hier getrap het. Ons beste wense vergesel julle na die Hoërskool en ons bid dat sukses, geluk en gesondheid julle sal vooruitloop. Dit maak ons altyd trots om te sien hoe goed ons leerders in die onderskeie Hoërskole vaar. Alle sterkte vir julle elkeen.

## 18. Rekenaarklasse

Hierdie jaar was 'n jaar vol uitdagings en lekker leer gewees. In die klaskamer het soos ouer gewoonte 'n heerlike, gemaklike, skouer-aan-die-wiel leeratmosfeer geheers. Dit alles te danke aan twee lugversorgers en die klas wat uitgerus is met veertig nuwe rekenaars met die oog op 2024 se robotika en kodering. Met die 40 rekenaars maak ons gebruik van individuele asook groepsleer. Die leerders is in volle ritme met die toerusting asook die Future Kids-syllabus. Ons het ook die geleentheid gebruik om ons tone in die Robotika en kodering waters te dip. Die leerders het die geleentheid gekry om bietjie buite die boks te dink en werk. Die leerders toon uitstekende vordering en voel tuis voor die rekenaar. Al die lesse wat van die Future Kids-syllabus is, is gebaseer op MS Office 2007 en is uitgewerk in praktiese oefeninge wat hand aan hand loop met die syllabus wat hulle in die klas behandel en bied sodoende ekstra vaslegging van die werk vanuit 'n ander oogpunt.

Dit is vir my 'n groot voorreg om met u kinders te werk en te sien hoe die selfvertroue groei asook die kreatiwiteit van die leerders. Daarmee saam moet ek sê dat die leerders met groot afgawting uitsien na die vooruitsig van Robotika en kodering in 2024.

## 20.1 Sportverslag: Sportkoördineerder

2023 was 'n baie goeie jaar vir Laerskool Frans Conradie op die sport gebied en getuig absoluut van 'n uitstekende gees! Ons kan dus nie anders as om met dankbaarheid te getuig as ons na 2023 verwys nie!

Dié jaar getuig van harde werk en sukses op vele gebiede. Ons is sommer baie trots op elke leerder wat deelgeneem het aan die onderskeie sportkodes wat ons skool aarbied. Dankie vir julle deursettingsvermoë, julle sportmangees, julle selfbeheersing, dissipline en entoesiasme!

Daarmee saam sê ons ook dankie aan elke afrigter, hulp-afrigter, ons terreinpersoneel, elke ondersteuner en ouer wat bygedra het tot die sukses van ons skool! Dankie vir julle volgehoudende ondersteuning, lojaliteit en aanmoediging!

'n Spesiale woord van dank ook aan elke borg vir julle aandeel. Sonder julle getroue ondersteuning aan ons skool, sou ons nie die spanne met trots kon uitstuur nie.

# **Jou potensiaal is ons ideaal!**

Ons afrigters vir 2023:

<b><u>Atletiek:</u></b>	<b>ORGANISEERDER:</b>	Mev. L. Stander
Diskus		Mnr. A. Mattheüs Me. J. Oelofse Mnr. E. Brown
Gewigstoot		Mev. M. Schoonraad Me. C. Jansen v Rensburg Mnr. E. Brown
Hekkies		Mev. D. Olivier Me. Bessinger Mnr. L. du Toit
Hoogspring		Mev. H. Dippenaar Me. K. Senekal Mev. E. Diedericks Mnr. E. van Tonder
Middelafstande		Mnr. B. Human Mev. E. van Niekerk
Naelloope		Mev. J. Strydom Me. E. Oosthuizen Me. T. Lourens
Spiesgooi		Mev. C Rademeyer Mev. C. Bothes Mev. K. Erasmus Mnr. D. Lotriet
Verspring		Mev. T Gerber Me. M. Smit Me. I. Koekemoer
Admin Spanbestuurder		Mev. L. Stander, Me. S. Bessinger Mev. E. van Niekerk
<b><u>Krieket:</u></b>	<b>ORGANISEERDER:</b>	Mnr. C. Ferreira
Mini-krieket:	Graad R-Seuns	Mnr. J. Badenhorst
Mini-Krieket:	Graad 1-Seuns	Mnr. J. Badenhorst
Krieket:	o. 9	Mnr. E. van Tonder
Krieket:	o. 11A & B	Mnr. B. Humand Mnr. L. du Toit
Krieket:	o. 13A & B	Mnr. C Ferreira Mnr. D Lotriet
<b><u>Landloop:</u></b> Hulpafriger:	<b>ORGANISEERDER:</b>	Mev. L Stander Mev. E van Niekerk
<b><u>Netbal:</u></b>	<b>ORGANISEERDER:</b>	Mev. J. Strydom
Netbal:	Graad R	Mev. C. Rademeyer Mev. C. Botes Me. M. Momberg
Netbal:	Graad 1	Me. M. Smit

		Me. T. Lourens
Netbal:	Graad 2	Mev. E. van Niekerk Me. K. Senekal
Netbal:	Graad 3	Mev. S. Swanepoel Me. S. Bessinger
Netbal:	Graad 4 & 5	Me. C. Jansen van Rensburg Me. D. Marais
Netbal:	Graad 6 & 7	Me. S. Botha
<b>Rugby:</b>	<b>ORGANISEERDER:</b>	Mnr. Z. Grobler
Rugby:	Graad R-seuns	Mnr. D. Lotriet
Bulletjies:	o. 7	Mnr. J. Bosch Mnr. D. Lotriet Mnr. J. Badenhorst
Rugby:	o. 9A & B	Mnr. C. Ferreira Mnr. L. du Toit
	o. 11A	Mnr. E. Van Tonder Mnr. A. Mattheus
	o. 11B	Mnr. D. Lotriet en Mnr. O. Van Greunen
	o. 13A	Mnr. Z. Grobler Mnr. B. Human
	o. 13B	Mnr. J. Badenhorst
<b>Skaak:</b>	<b>ORGANISEERDER:</b>	Mev. E. Diedericks
Skaak:	Junior & Senior	Mnr. D. Lotriet
<b>Tennis:</b>	<b>ORGANISEERDER:</b>	Mev. K Turner
Mini-Tennis:	Graad 1 - 3	Mev. K. Turner
Tennis:	Graad 4 - 7	Mev. K. Turner Mev. E. Oosthuizen Mev. C. Botes Mnr. C. Mulder

### **Buite-afrigters**

Mnr. E. Brown  
Mnr. J. Bosch  
Mnr. O. van Greunen  
Mnr. E. van Rooyen

## **20.2 Sportdag**

Met ons sportdag was ongeveer 600 leerders op ons skoolgronde. Ons het vanjaar weereens alle B-spanne, in netbal asook rugby, saam met ons juniorspanne, die geleentheid gegee om aan 'n sportdag te kan deelneem.

Dit was 'n jolige dag met lekker eetgoed en vermaak vir alle sportliefhebbers. Opgewonde ouers het op en af langs die velde en bane beweeg om hul kindjie aan te moedig. Die FRANSIE personeel en FOV het van vroeg af hard gewerk om alles gereed te hê voordat die skole arriveer het. Bussies en motors vol opgewonde, borrelende kinders en ouers daag een na die ander op en skielik verander ons skool in 'n miernes, maar dit het ons personeel- en FOV- span geen kopsere besorg nie. Julle is 'n span huisend. 'n Mens kan berge verskuif met julle. Baie dankie vir elkeen se bydrae.

Ten slotte wil ons ook net baie dankie sê aan ons eie Fransie-ouers, ons personeel en personeel se gades wat ingestaan het as skeidsregters, noodhulpbeamptes, uithaler kokke, verkoopsmanne, vlagmanne en dies

meer! Elkeen van u het 'n groot bydrae tot die sukses van die spesiale dag gelewer. Ten spyte van die fondse wat ons insamel, is dit ook 'n ongelooflike advertensie van kameraadskap vir ons skool!

### **20.3 Atletiekverslag**

Tagtig atlete het deelgeneem aan die Sonebyeenkoms wat gehou is op Dinsdag, 31 Januarie en Donderdag, 1 Februarie. Van hierdie atlete het 25 deurgedring na die Distrikbyeenkoms op 10 en 11 Februarie by die dorpsbane. Sestien atlete neem deel aan die Nelson Mandela Kampioenskappe.

Zanique Knoetze, Nazreen Jackson en Henrú Coetzee is gekies as lid van die Metrospan vir deelname aan die Oos-Kaap Kampioenskappe. Nazreen Jackson ontvang 'n brons medalje vir gewigstoot en diskus.

Zanique Knoetze het 'n goue medalje ontvang vir gewigstoot. Zanique Knoetze is gekies as lid van die Oos-Kaapspan wat deelgeneem het aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe. Laerskool Frans Conradie wil hul opregte dank aan mnr. Edward Brown bring vir sy ure se harde werk en afrigting van hierdie leerders.

### **20.4 Landloop**

Die atlete het deelgeneem aan 3 liga byeenkomste hierdie jaar. Die leerders se pragtige gesindheid t.o.v . landloop was besonders hierdie jaar. Op 12 Augustus het 9 atlete gekwalifiseer om deel te neem aan die Nelson Mandela Metropool Kampioenskappe by Bergsig. Hier het die leerders pragtig presteer. Drie van hierdie leerders is opgeneem in die Metrospan en is gekies om deel te neem aan die OP-Kampioenskappe in Ngocobo. Veertien leerders het tydens die Distrik Prysuitdeling sertifikate ontvang vir uithouvermoë nadat hulle al hul liga's suksesvol voltooi het.

### **20.5 Netbal**

#### **20.5.1 Beginner-netbal**

Die graad R-maatjies was so gretig om netbal te speel dat ons meeste dae drie netbalspanne sou kon vol maak! Die netbalmeisies het gretig geleer hoe om 'n bal te hanteer en die voetwerk vir "slim" voetjies was 'n gunsteling. Elkeen het ook hul heel beste probeer in die "Vries"-speletjie om die stokkielekker te wen!

Die leerders het ook die geleentheid gehad om 'n wedstryd teen Voorbereiding skool te speel en het dit bitter baie geniet. Die opgewondenheid onder die ouers, oupas en oumas was ook GROOT!

Baie dankie aan elke dogter wat so pligsgetrou kom oefen het en vir al die lag en gesels. Dit was heerlik om deel te wees van julle eerste netbalervaring.

#### **20.5.2 o/7-Netbal**

Die o. 7-meisies was hierdie jaar vol gees en baie entoesiasties. Hulle was altyd gretig om iets nuuts te leer, van nuwe spelpatrone tot nuwe balvaardighede. Die o. 7A-span het hierdie jaar so baie geleentheid gekry om wedstryde te speel en het baie goed gevaaar. Hulle het geleer om nie moed op te gee nie, aan te hou en net hulle beste te doen. Die meisies het so baie vordering getoon dat ons baie opgewonde is oor die toekoms van die span. Dankie aan almal wat die oulike spannetjies so mooi ondersteun het deur hul o. 7-seisoen.

#### **23.5.3 o/8-Netbal**

Die o. 8A-netbalmeisies, meer bekend as "Die Wilde Katte", het ons gewys wat dit beteken om 'n ware passie vir die sport, netbal, te hê. Tydens 2023 se netbalseisoen het die meisies bewys, hoekom dit 'n span is wat dopgehou moet word. Uit die talle wedstryde wat hul gespeel het, het hulle slegs 1 wedstryd verloor. Die Wilde Katte het regdeur die jaar hard geoefen en het die vrugte daarvan gepluk.

Die o. 8B-netbalmeisies het weekliks elke oefening bygewoon en verskriklik baie vaardighede aangeleer. Hulle het teruggestaan vir niemand nie en het altyd 100% op die baan gegee.

#### **23.5.4 o/9-Netbal**

Die o. 9-netbalspeelsters het 'n fantastiese seisoen beleef. Elke dogter se vaardighede en selfvertroue het egter ongelooflik baie ontwikkel. Die B-span het ook hierdie jaar aan wedstryde deelgeneem en goeie ervaring opgedoen. Die spanne was deurgaans entoesiasties en het hard en getrou geoefen. Ons is ook baie dankbaar teenoor die dogters se ouers wie ons getrou en met passie ondersteun en aangemoedig het. Baie geluk dogters, ons is baie trots op julle. Ons hou jul vordering dop en glo julle gaan nog diep spore in die netbalgeledere van Frans Conradie trap.

## **23.5.5**

### **o/10-Netbal**

Die netbalseisoen het afgeskop met meisies wat baie opgewonde was om elke oefening by te woon. Die A-span is 'n besonderse groep meisies. Hulle het baie talent en beskik oor die nodige deursettingsvermoë om goed te doen op die baan. Die B-span meisies het werklik baie ontwikkel en soveel selfvertroue gekry. Die B-span het ook baie speelbeurt gekry waaraan ons baie dankbaar is. Die B-span het 'n gemengde seisoen beleef, maar was altyd opgewonde om te speel. Ons is ook dankbaar teenoor al die ouers, oumas en oupas wat ons getrou kom ondersteun het tydens wedstryde. Dit het baie beteken vir ons as afrigters en vir die dogters.

**Elke dogter is 'n wenner en ons is ongelooflik trots op hulle.**

## **23.5.6**

### **o/11-Netbal**

Die 0/11 netbalspeelsters het 'n goeie seisoen beleef. Elke dogter se vaardighede en selfvertroue het egter ongelooflik baie ontwikkel. Die B- en C-span het ook hierdie jaar aan wedstryde deelgeneem en dit sommer baie geniet en goeie ervaring opgedoen. Die spanne was deurgaans entoesiasties en het hard en getrou geoefen. Ons is ook baie dankbaar teenoor die dogters se ouers wat ons getrou en met passie ondersteun en aangemoedig het.

Baie geluk dogters, ons is trots op julle. Ons hou jul vordering dop en glo julle gaan nog diep spore in die netbalgeledere van Frans Conradie trap.

## **23.5.7**

### **o/12-Netbal.**

Die o. 12-netbalgroep van hierdie jaar is propvol talent en het van die begin af baie mooi saam gewerk. Die dogters het oefeninge met entoesiasme aangepak en het met trots hul wedstryde gespeel. Ons is dankbaar vir 'n betrokke groep ouers wat die dogters so pragtig ondersteun, ongeag van die uitslae op die dag. Hierdie jaar het Nazreen Jackson en Madison Gudmanz deurgedring na die finale rondte van OP-proewe. Madison Gudmanz het verder aangegaan om OP-kleure te ontvang en het die Oos-Kaap verteenwoordig. Ons is trots op beide spelers.

Ek glo hierdie groep sal net sterker word en ons sien uit daarna om hulle netballoopbane te volg. Dankie vir 'n leersame jaar!

## **23.5.8**

### **o/13-Netbal**

Ons het vanjaar die seisoen afgeskop met 'n paar weke van fiksheid waar die dogters dadelik talent begin toon het. Die A-span het vanjaar uitstekende netbal gespeel en het elkeen as individu ongelooflik ontwikkel as speelster, maar ook as mens. Hoewel die uitslae tydens ons wedstryde baie wipplank gery het, en ons soms harde lewenslesse moes leer, het die dogters elke wedstryd voluit gespeel en karakter openbaar. Ons se ook baie geluk aan Carla Janse van Rensburg, Nicole Mead en Karlé Claassen wat deurgedring het na die Metroproe. Baie geluk aan Karlé Claassen wat die Oos-Kaapspan behaal het. Ons is baie trots op jou. Baie dankie ook aan al ons ouers vir die vertroue wat u in my as afrigter gestel het, asook vir die ongelooflike ondersteuning deur die seisoen. Ons wil graag ook Toyota Uitenhage, Symara Knitwear, BVSA en PG Glass bedank vir u bydrae tot die dogters se toerusting. Sonder julle sou ons nie so spoggerig gelyk het by elke wedstryd nie.

Dankie meisies vir al die opofferings wat julle moes maak. Onthou glo in jouself, doen net altyd jou bes. Ons beste wense vergesel julle ook op jul lewenspad vorentoe.

## **23.6**

### **Rugby**

## **23.6.1**

### **Bulletjies**

Ons bulletjies voorspel opwindende rugby in Frans Conradie se nabye toekoms. 'n Spesiale dank aan ons afrigters vir hulle toewyding en dankie vir elke ouer se ondersteuning langs die veld. Ons waardeer julle oopreg.

## **23.6.2**

### **o/9-Rugby**

Hierdie mannetjies het vanjaar 'n smakie gekry van 15-man rugby. Vanjaar het ons 'n baie besonderse jaar beleef en goeie rugby is deur hierdie jong manne gespeel. Hierdie groepie is 'n baie talentvolle groepie en met baie werk gaan hierdie groep nog groot rugby speel.

Baie dankie vir elke speler se bydrae hierdie jaar in enige vorm, hoe groot of klein. Dankie ook vir elke ouer en familie se ondersteuning langs die veld. Dit gaan nie ongesiens verby nie.

### **23.6.3      o/11-Rugby**

Ons het hierdie seisoen 2 spanne in die veld gestoot. Die afrigters het regtig baie moeite gedoen en vir die o. 11B-rugbyspan ekstra wedstryde gereël gedurende die seisoen en die seuns het met elke wedstryd hulle beste gelewer. Die o. 11A-rugbyspan het 'n goeie jaar beleef en het 85% van hul wedstryde gewen. Ons wil net weereens baie dankie sê vir al ons borge betrokke by ons twee spanne. Dankie vir elke kind en ouer se harde werk en ondersteuning gedurende die jaar. Ons spanne het van krag tot krag gegaan tydens die seisoen: Ons teenstanders het geweet "hier kom harde game". Ons sien uit na volgende jaar se seisoen.

### **23.6.4      o/13-Rugby**

Ons het hierdie jaar behoorlik afgeskop met ons jaarlikse Despatch Superspar Sundowner-Gholfdag wat as 'n groot fondsinsameling vir die rugbyseisoen dien. Dit was weereens baie goed ondersteun en was 'n reusesukses. Baie dankie vir elkeen se bydrae en insette. Ons hoop om almal weer volgende jaar daar te sien! Graag wil ons ook van hierdie geleenthed gebruik maak om al ons borge te bedank vir julle lojale ondersteuning teenoor Frans Conradie.

Ons het die seisoen begin deur deel te neem aan die jaarlikse Frans Erasmus-toernooi wat dien as voorbereiding vir die jaar se ligawedstryde. Daarna het ons deelgeneem aan die jaarlikse Marlow-toernooi in Cradock. Ons gebruik hierdie toernooi om te bepaal waar ons nog kan verbeter. Die seuns het hul goed van hul taak gekwyt en het die "Guts-beker" van die toernooi gewen.

Vanjaar was egter 'n jaar van gemengde uitslae vir die o. 13-rugbyspan. Dit is vir ons lekker om te kan sê dat daar met groot trots en passie deelgeneem is en elke speler het aanhou speel ongeag wat tellings was. Hulle deursettingsvermoë is deur almal raakgesien. Dus kan ons met eer en trots sê dat dit 'n suksesvolle seisoen was.

### **STATISTIEKE VAN DIE 2023 SEISOEN:**

**WEDSTRYDE GESPEEL: 27**

**GEWEN: 10**

**VERLOOR: 15**

**GELYKOP: 2**

**DRIEË VIR: 82**

**DRIEË TEEN: 82**

**BAIE GELUK AAN HENRÚ COETSEE, JAQUE FOURIE, ZIAN FOURIE, KEAGAN WIUM EN DURANDT MULLER WAT GEKIES WAS VIR DIE UPSRU o. 13-SPAN EN ONS SKOOL DAAR VERTEENWOORDIG HET.**

Baie dankie vir elke speler se bydrae hierdie jaar in enige vorm, groot of klein. Sterkte met die Graad 7-seuns wat hul loopbane gaan voortsit by die verskeie Hoërskole. Dankie ook aan elke ouer en familie se ondersteuning langs die veld. Dit gaan nie ongesiens verby nie.

Laastens, baie dankie aan die Hemelse Vader wat sy hand van bewaring oor ons gehou het deur die loop van die seisoen. Sonder U krag is niks moontlik nie!

Aan die spelers: Glo in jouself! Hê geloof in jou vermoëns! Sonder 'n nederige maar redelike vertroue in jou eie kragte kan jy nie suksesvol of gelukkig wees nie.

Onthou: "The bigger the challenge, the bigger the response."

Dit was 'n voorreg om met elkeen van julle te kon werk en ook om te kon sien hoe elkeen ontwikkel het!

**TROTS OP JULLE!!!!**

### **23.7      Tennis**

Na die Covid-pandemie en inperkings is die Fransies se tennis weer op volle dreef. Vanjaar het ons weer begin kompeteer teen ander skole. Aanvanklik was ons maar skrikkerig, maar ons leerders het my behoorlik verras met 'n paar oorwinnings. Die leerders is baie entoesiasties en woon hul oefeninge so getrou by. Baie

dankie aan Craig Mulder wat hul so goed afrig. Ons waardeer sy lojaliteit ongelooflik baie. Hy is voorwaar 'n afrigter 1000.

Dankie ook aan die Despatch Tennisklub wat hul bane vir ons beskikbaar stel vir oefening asook wedstryde. Laaste maar nie die minste wil ek baie dankie sê aan elke mamma, pappa, ouma of oupa wat ons so mooi ondersteun.

### **23.7.1      Mini-Tennis**

Vanjaar het daar weer groot opgewondheid onder ons maats geheers om mini-tennis te speel. Dankie aan elke maat wat so getrou kom oefen het, ons merk baie goeie vordering en ongelooflike talent onder julle op. Wie weet, dalk eendag gaan jy op Wimbledon speel? Ons nooi al ons maats van Gr. 1-3 uit om volgende jaar ook deel van hierdie groepie te word.

### **23.8    Krieket**

#### **23.8.1      o/9-Krieket**

Dit is vanjaar die tweede keer wat Frans Conradie se o. 9-krieketspan wedstryde gespeel het. Die o. 9's het vanjaar vier wedstryde gespeel, teen sterk opposisie, waarvan hulle geen wedstryde gewen het nie. Ons is wel trots om te kan sê dat ten spye van die moeilike jaar, die spelers se vaardighede baie verbeter het.

Baie dankie aan elke seun se getroue bywoning deur die seisoen.

#### **23.8.2      o/11-Krieket**

Die O/11-krieketspan het hierdie jaar teen baie goeie opposisie gespeel. Die krieket deelname het baie gestyg die afgelope jaar en dit is 'n plesier om sulke entoesiastiese jong seuns af te rig. Daar is vele wedstryde gespeel waar drie van ons krieketspelers hulle eerste 50 lopies gekolf het. Deur die jaar het elke speler baie ontwikkel en baie nuwe vaardighede geleer.

Ons het hierdie jaar een toer bygewoon in Graaff-Reinet waar ons teen Union Laerskool gespeel het. Die toer was 'n groot sukses en ons sal dus voortgaan om elke jaar te toer.

Baie dankie aan elke ouer se ondersteuning en elke seun se getroue bywoning deur die seisoen.

#### **23.8.3      o/13-Krieket**

Die O/13-krieketspan het in 2023 baie goed vertoon teen baie sterk opposisie. Ons krieket gaan van krag tot krag en dit is 'n plesier om met sulke entoesiastiese jongmanne te werk.

Vanjaar het ons ons vierde toer te Graaff-Reinet meegemaak. Die weer het ongelukkig die laaste sê gehad, maar die toer was nogsteeds 'n groot sukses en ons beoog om in 2024 'n soortgelyke toer aan te pak.

Ons B-span het soos ander jare ook aan die liga deelgeneem, maar ons sien 'n daadwerklike afname in deelname. Ons, saam met ons ouers, sal hierna moet kyk en deelname aanmoedig.

Ons Fransies presteer in die onderskeie hoërskole en dit kan net moontlik gemaak word deur 'n sterk basis wat hier in Fransie-land gelê is.

Baie dankie aan elke seun se getroue bywoning deur die seisoen.

### **23.9    Skaak**

Dit was 'n uitstekende jaar vir Fransies-skaak. Ons het die jaar afgeskop met ons eerste familie-skaakdag. Die dag was 'n groot sukses en met die fondse wat ingesamel is, spog ons A-span met nuwe wedstrydhemde. Baie dankie vir al die ouers en leerders wat hierdie dag ondersteun het. Die skaakdag gaan beslis 'n jaarlikse instelling wees.

Ons het ook hierdie jaar die juniorskaak in die hele grondslagfase begin. Dit was 'n geleentheid om meer talent te identifiseer. Daar is reeds twee juniorspelers wat saam met die A-span oefen.

Die A-span het baie goed gevaar in die liga-uitdunne. Hulle het algeheel derde in hulle groep geëindig. Hulle uitslae was soos volg:

Rondte 1	BYE			
Rondte 2	Fransies	1 ½	Muir College	5 ½
Rondte 3	Fransies	6 ½	Winterberg	½
Rondte 4	Fransies	7	Innes B	0
Rondte 5	Fransies	3	Handhaaf B	4

Baie dankie vir u toegewyde ondersteuning.

#### **23.10 Redenaars**

Ons skool is 'n trotse deelnemer aan die ATKV-Redenaarskompetisie. Hierdie jaar het ses graad 2 – 3 leerders ingeskryf, 14 graad 4 – 7 leerders en 12 graad 6 – 7 leerders. Die leerders het hulself uitstekend van hul taak gekwyt. 18 leerders is deur na die eerste ronde van die ATKV Redenaarskompetisie wat gehou is in Port Elizabeth. Mienke Fourie, Niekohl van Niekerk, San-Marie van Niekerk, Bella Gouws en Janco Calitz het deurgedring na die semifinale ronde. Ons is trots op al ons leerders.

#### **23.12 Spelmarathon**

Die leerders het weer hard geleer hierdie jaar aan hul spelwoorde. Die graad 3- en 7-leerders het 'n uitdunronde gehou om te bepaal wie sou deelneem aan die Spelkampioenskappe. Tydens die kampioenskappe is Stefani Lambrechts as die graad 7-kampioen aangewys en Nikita Kleynhans is in graad 3 as die kampioen aangewys. Baie dankie aan al die ouers wat hierdie projek ondersteun.

#### **23.13 Karaktertransformasie**

Ons het hierdie jaar die 6 karaktereienskappe wat elke ware Fransie het, bespreek. Ons het Kwartaal 1–3 elke kwartaal twee eienskappe behandel. Elke eienskap is 'n week lank behandel. Omgee, betroubaarheid, verantwoordelikheid, regverdigheid, respek en burgerskap is die eienskappe wat 'n ware Fransie maak. Die leerders het dit geniet om deur speletjies en Bybelversies oor hierdie eienskappe te leer. Dit is vir ons belangrik dat ons leerders op alle gebiede hierdie eienskappe uitleef.

#### **24. Provinsiale Verteenwoordigers:**

Die volgende leerders is almal gekies as provinsiale verteenwoordigers in die onderskeie sportsoorte. Ons is saam met hulle en hulle ouers TROTS op die besonderse prestasies

Oos-Kaap Atletiek	:	Zanique Knoetze
O.P. Atletiek	:	Lika Hurter
O.P. Netbal	:	Madison Gudmanz Karlé Claasen
O.P. Hengel	:	Armand de Villiers

**25. Borge**

ABSA Despatch	Lannco
Advanced Cooling	Louise Gerber
Algoa Toyota Uitenhage	Loritas
Art@licious – Anneline Mulder	Morne Oelofse
Big Daddy Liquor Store Uitenhage	Nicola Kleinhans
Build-It	Oasis Uitenhage
BVSA	OK Mini Mark
Cherry Kelston	Pick 'n Pay Despatch
Craig Mulder & Gesin	PG Glass Uitenhage
Despatch Superspar	PSG – Charles Meyer
Dentist on Smuts	Quest Motors
D. de Ridder	RDVE Precision Engineering
DHL	Rene Olivier
D.G. Manufacturing	Sandman
Estelles	SA Home Loans
exp S.A. Paul Gierke	Schoonraad Manufacturing
Handy House Meubels – Frikkie Meyer	Smallville Packaging
Hooker Towing	Steffens Gesin
Humansdorp Co-Op	Symara Knitwear
Ietsie Bietsie	SRCC – Stefan Perold
J.J. van Niekerk	Supa Crush
Itec	Top Up Despatch
Jendamark	Trudie Swanepoel
JPH Roberts	UD Sports
Juanita Burger Prokureurs	Wild Rapids Spur en Panarottis Uitenhage – Pieter Kruger
	4 Seasons Aircondition & Refrigeration
	4 Seasons Winkel

**BORGE SOOS OP 24 OKTOBER 2023**

**BAIE DANKIE VIR ALMAL SE VRIENDSKAP, LOJALITEIT EN ONDERSTEUNING GEDURENDE 2023  
AAN MY EN LAERSKOOL FRANS CONRADIE.**



---

**Z.J. GROBLER  
SKOOLHOOF**